# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 228
18 Julie 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Gas-redakteur: Oudl J de Ridder

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**
**Berigte: Kuratorium**
**Bybelvasvra**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Toevallighede**

Wat is toeval? Die Verklarende Woordeboek definieer toeval as 'n "Onverwagte voorval of 'n onvoorsiene gebeurtenis". In hierdie sin word toeval gedefinieer as 'n gebeurtenis of uitkoms wat onverwags of onvoorspelbaar is en word daarom beskou as 'n verskynsel wat plaasvind sonder enige duidelike of beplande oorsaak. As iemand 'n muntstuk opgooi het dit 'n 50% kans om of kop of stert te wees – om dit vooraf korrek te voorspel word dus as toeval beskou.

Net so, skryf ons al te maklik alledaagse gebeurtenisse toe aan die toeval! Ons sal toeval kan beskryf as wanneer Koos op die ingewing van die oomblik besluit om by die nuwe winkelsentrum in die dorp in te loer en 'n bossie blomme te kry om vroulief mee te verras. Terwyl hy in die ry staan en wag om te betaal hoor hy skielik: "Koos? Is dit regtig jy?" Toe hy omdraai staan Piet, sy beste vriend van hoërskool, wat hy jare laas gesien het daar. Is dit toeval dat Piet wat pas in die dorp ingetrek het vir 'n nuwe werk en nadat sy vrou het hom gestuur om gou brood en melk te kom koop weer vir Koos raakloop?

Of as Sannie deur die verkeer moet sukkel in 'n gejaag om betyds by haar werk te kom. Die verkeer is druk en sy moet boonop stop by elke liewe verkeerslig. Toe sy uiteindelik die groen lig sien en vinnig wou weggetrek, gee haar voorheen betroubare motor net 'n sluk en stol skielik. Uit die hoek van haar oog, sien sy 'n vragmotor wat reg voor haar oor die rooi lig jaag en haar sou getref het as haar kar nie toevallig gaan staan het nie!

Hierdie definisies van toeval weerspieël egter 'n wêreldse siening wat afhanklik is van die idee dat sekere gebeure buite die beheer van enige mens of Goddelike invloed plaasvind. Sommige dinge gebeur eenvoudig, sonder enige groter betekenis of rede. Maar kan dit werklik net toeval wees? Is daar iets soos ware toeval, of is daar dalk 'n dieper onderliggende werklikheid wat hierdie "toevallige" gebeurtenisse bepaal?

Kom ons kyk na 'n nog 'n onlangse voorbeeld waar "toevallige" gebeure 'n groot impak gehad het op mense se lewens en hul interpretasie van hierdie gebeurtenisse. Die voormalige Amerikaanse president Donald Trump het onlangs 'n sluipmoordaanval wonderbaarlik oorleef. Was dit net toeval dat hy net rakelings deur 'n koeël getref was en verder ongedeerd daarvan afgekom het? Die kontroversiële Trump het hierdie mislukte sluipmoordpoging as 'n bewys van God se voorsienigheid en beskerming beskou en het in 'n verklaring kort na die aanval erkenning daarvoor aan God gegee. Vanuit 'n wêreldse

perspektief kon dit maklik as toeval beskou word dat die aanslag op sy lewe onsuksesvol was. Dit is maklik om alternatiewe verduidelikings hiervoor te gee - mens sou kon sê dat die aanvaller te jonk en onervare was, dat die toeskouers wat hom bemerk het se reaksie hom ontsenu het of dat Trump sy kop net op die regte tyd gedraai het... Alles ‘n sameloop van toevallige omstandighede wat 'n sekere resultaat tot gevolg gehad het. In ’n latere onderhoud het hy egter gesê: "*Met geluk of deur God, baie mense sê dit is deur God dat ek steeds hier is.*" Moet sy noue ontkoming bloot gesien word as ‘n toeval waar die geluksgodin ingegryp het of was dit die almagtige God se wilsbesluit wat hom ‘n verdere kans gegee het?

Ons sien maklik toeval raak in buitengewone situasies en krisisse. Toeval word dikwels gebruik as 'n maklike manier om dinge te verklaar wat ons nie kan verstaan nie. Dit laat ons toe om sin te maak van wat ons beskou as die onvoorspelbare en soms chaotiese aard van die lewe. Maar hierdie verduideliking is oppervlakkig en word te maklik gebruik om gebeurtenisse te verklaar wat ons nie verwag of voorsien het nie. As ons gebeurtenisse wat ons nie verwag het nie verklaar deur dit telkens toe te skryf aan "toeval", hoekom word die alledaagse dan nie ook telkemaal toegeskryf aan toeval nie? Om te sê dit is “toevallig” (of dan onverwags) dat die lig aangaan as ons 'n skakelaar druk is dalk nie meer so vergesog nie, maar hoekom beskou ons dan nie so geredelik ‘n buitengewoon mooi sonsondergang of skielike reënbui as "toevallig" nie?

Die Bybel leer ons dat God 'n doel het met alles wat gebeur, selfs al kan ons dit nie altyd sien nie. As ons dieper kyk na hierdie voorbeelde wat ons te maklik aan toeval wil toeskryf en dieper begin dink (of dalk die Bybel wil lees!) sal ons onsself moet afvra of daar regtig iets soos toeval bestaan. Dit wat ons so maklik as toeval beskou is maar in werklikheid deel van God se beheer oor alles in Sy skepping – iets wat ons as skepsels eenvoudig nie ten volle kan verstaan nie. Volgens die Christelik-Bybelse wêreldbeskouing is God almagtig, alwetend en alomteenwoordig.

Hier kan iemand egter maklik redeneer dat God vooraf weet wat ons toevallig op die ingewing van die oomblik gaan doen en dan Sy raadsplan kan aanpas om ons toevallige keuses in ag te neem. Dit is egter ‘n gevaarlike dwaling. In Psalm 136 skryf David: "*Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees... al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.* " Ons moet daarom eerder erken - niks gebeur of kan gebeur sonder Sy toestemming nie, indien dit nie Sy soewereine wil is nie. God laat niks in die hele skepping oor aan die toeval nie. Hy is ten alle tye en op alle plekke in totale beheer. Daar is nie 'n enkele molekuul wat nie absoluut onder Sy beheer staan nie!

In die lig hiervan is dit duidelik dat die wêreldse definisie van toeval nie net beperk en onvolledig is nie, maar geheel en al foutief is. Wat op die oog af lyk soos toeval, is in werklikheid 'n manifestasie van God se plan en wil. Vanuit 'n Christelike perspektief is toeval daarom eerder 'n illusie om ons ongeloof te verdoesel. Soos ons in Efesiërs 1:11 lees "*...Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.*" Ons kan en moet daarom

sonder om fatalisties te raak, rustig wees in die wete dat God niks oorlaat aan "toeval" nie – wat ook al gebeur is volgens Sy wilsbesluit!

- Jaco de Ridder

# BERIGTE

## KURATORIUM

Ds.(em. NGK) Nico Steenberg se aansoek om akkreditasie as predikant van die GHG was suksesvol. Ds. en mev Steenberg is lidmate van Hervormde Kerk Premiermyn. Mag die vrug van u arbeid tot die eer van die Koninkryk wees. Ds. Steenberg is beskikbaar vir preekbeurte.

Die Kuratorium beveel aan dat gemeentes die Kuratorium om advies moet raadpleeg voordat hulle beroep sodat moontlike haakplekke voortydig uitgesorteer kan word.

## BYBELVASVRA

Die jaarlikse Bybelvasvra vind plaas DV op Sondag 28 Julie 2024.
Die eerste helfte van die bestek is Markus 1 tot 3 vir die laerskool en Markus 1 tot 5 vir die hoërskool en ope afdeling. Vyftig persent van die vraestel bestaan uit vrae uit die Ou Testament. Die 1983-vertaling word gebruik. Detail is aan gemeentes versend met 'n omsendbrief wat gedurende Mei vanjaar uitgestuur is. Vraestelle en memoranda sal laastens op Vrydag 26 Julie aan predikante versend word.
Rig enige navrae aan ljstrauss@lantic.net

# KENNISGEWINGS

**CALVINISTIESE ALLIANSIE KONGRES**
24 AUGUSTUS 2024 – 10:00vm
Hervormde Kerk Meyerspark(GHG)
Tema: ST BARTLOMEUSNAG
Sprekers: Ds. Greyling van Rooyen en Prof. Andries Raath

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

## FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuigfinansiering en veilige beleggings.

# Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria
**Tel:** 012 755 8201/2
**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121
**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000

MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF